Geloofsverklaring

1. **Ons glo dat die Bybel deur die Heilige Gees geïnspireer is, en dat dit die enigste onfeilbare, gesaghebbende Woord van God in alle gedrags-en geloofsaangeleenthede is.**

   Deuternomeum 4:2; Psalm 19:7-9; Spreuke 30:5-6; 1 Korintiërs 2:13; Galasiërs 1:8-9; 2 Timoteus 3:15-17; 2 Petrus 1:20-21; Openbaring 22:18-19.

2. **Ons glo dat daar een God, in drie persone (Vader, Seun en Heilige Gees) is wat tot in alle ewigheid bestaan.** Genesis 1:1-3; Jesaja 44:6-8; Matteus 28:19-20; Markus 12:29; Johannes 1:1-4; Handelinge 5:3-4; 2 Korintiërs 13:14.

3. **Ons glo dat God die Vader 'n oneindige, persoonlike, geestelike wese, perfek in heiligheid, wysheid, almag en liefde is. Ons glo dat Hy Homself uit genade bemoei met die lewe van elke mens, dat Hy gebede hoor en beantwoord, en dat Hy almal wat deur Jesus Christus na Hom toe kom, van sonde en die ewige dood red.**

   Genesis 21:33; Eksodus 33:14; 2 Samuel 24:14; Jesaja 40:28; Jeremia 31:3, 32:17; Johannes 4:24; Romeine 5:8, 11:33-34; Efesiërs 1:19-20; 1 Johannes 5:14-15; Openbaring 4:8.

4. **Ons glo in God die Seun, Jesus Christus ons Redder, die enigste Seun van God, in Sy goddelikheid, in Sy maagdelike geboorte, in Sy sondelose lewe, in Sy wonderwerke, dat Hy in ons plek staan en ons met Hom versoen deur Sy bloed wat gevloei het, in Sy liggaamlike opstanding uit die dood, in Sy hemelvaart na die regterhand van die Vader, in Sy nimmereindigende intreding vir Sy kinders en dat Hy self in mag en glorie na die aarde sal terugkeer.**

   Matteus 24:30; Markus 8:38; Lukas 1: 34-35, 24:27; Johannes 1: 1-2, 14, 18; 3:16; Romeine 3: 23-26, 8:34; 1 Korintiërs 15:3-4; Hebreërs 4:15

5. **Ons glo in God die Heilige Gees, die Helper en Trooster, in Sy daaglikse leiding en die openbaring van waarheid, in Sy oortuiging van sonde, Sy geregtigheid en oordeel en in Sy inwonende teenwoordigheid vanaf die oomblik van redding wat gelowiges in staat stel om Godgesentreerde lewens te lei.**

   Johannes 3:5-8; 14:16-17, 16:13-14; Handelinge 1:8; 1 Korintiërs 12:13; Efesiërs 4:30-32, 5:18.

6. **Ons glo dat almal in sonde gebore word, verwyder van God is en redding nodig het. Vernuwing deur die Heilige Gees en berou oor sonde is essensieël om, deur aanvaarding van Christus as Meester en Verlosser, gered te word.**

   Johannes 3:5-8, 5:24; Handelinge 2:21; Efesiërs 1:6-7, 2:8-9; Titus 3:5; 1 Petrus 1:23.

7. **Ons glo in die opstanding van gereddendes sowel as verlorenes; die gereddenes tot opstanding en ewige lewe en die wat verlore is, tot opstanding en ewige vervloeking.**

   Lukas 16:19-26; 2 Korintiërs 5:8; Filippense 1:23; 2 Tessalonisense 1:7-9; Openbaring 20:11-15.

8. **Ons glo in die geestelike eenheid van gelowiges in Jesus Christus, ons Meester.**

   Romeine 2:42-47; Romeine 15:5-6; 1 Korintiërs 12:12-13; Efesiërs 4:3-6.